GRONDWET – GEORGE MOTORKLUB –2020-02-15

1.0 NAAM.

Die klub sal bekend staan as GEORGE MOTORKLUB (hierna genoem die KLUB)

2.0 DOELSTELLINGS

2.1 Om alle tipe motor- en motorfietssport te bevorder, koördineer en te beheer.
2.2 Om padveiligheid te bevorder in al sy aspekte.
2.3 Om eenvormige reëls en regulasies onderworpe aan Nasionale reëls vir die sport in te stel en te beheer.
2.4 Om te voldoen aan Wet op Veiligheid by Sport en Ontspannings-byeenkomste, no 2/2010.
2.5 Om te onderhandel vir borgskappe ten opsigte van byeenkomste.
2.6 Om fasiliteite daar te stel vir die be-oefening van die sport asook alle geriewe wat daarmee gepaard gaan.
2.7 Om klublede finansieel by te staan ten opsigte van mededinging aan byeenkomste op enige vlak.

3.0 WETLIKE STATUS.

3.1 Die KLUB sal ‘n Nie-winsgewende Organisasie wees volgens Wet 71/1997 wat sy beslag het op ‘n amateur basis en wat enige fondse of winste wat hy mag bekom sal aanwend tot die verbetering van die sport, sportgeriewe of liefdadigheid. Enige verandering aan hierdie klousule kan slegs gedoen word deur Ontbinding van die KLUB soos in 13.0
3.2 Die KLUB sal bedryf word as ‘n Vrywillige Assosiasie met sy eie wetlike identiteit.
3.3 Geen Komitee-lid, erelid of betalende lid kan aanspraak maak op enige eiendom van die KLUB nie.
3.4 Geen Komitee-lid, erelid of betalende lid kan verantwoordelik gehou word vir enige van die KLUB se verpligtings of skuld nie.

4.0 SAMESTELLING

4.1 Die KLUB sal bestaan uit die volgende:

(a) Betalende klublede
(b) Ere lede
(c) ‘n Komitee

4.2 Betalende Klublede

(a) Enige persoon mag aansoek doen om lidmaatskap tot die KLUB.
(b) Toelating as lid sal eers van krag word wanneer die nodige aansoek goedgekeur is deur die KLUB se bestuur, en
(c) Sodra die nodige klubfooie soos wat jaarliks vasgestel word betaal is.
(d) Klublede wat alle vereistes nagekom het soos uiteengesit in Aanhangsel A, sal stemreg hê by vergaderings, Spesiale Algemene Jaarvergaderings asook Algemene Jaarvergaderings en sal verkiesbaar wees tot die KLUB se komitee.

4.3 Erelede

(a) Die KLUB mag op die Algemene Jaarvergadering of ‘n Spesiale Algemene Jaarvergadering Ere lede benoem.
(b) Die KLUB mag op die Algemene Jaarvergadering of ‘n Spesiale Algemene Jaarvergadering ‘n Ere President of Ere Vise-President aanstel.
(c) Erelede sal stemreg hê op die Algemene Jaarvergadering of ‘n Spesiale Algemene Jaarvergadering en sal verkiesbaar wees tot die KLUB se komitee
(d) Erelede moet aktief by KLUB-bedrywighede betrokke wees om stemreg te regverdig.

4.4 Komitee

(a) Tydens die Algemene Jaarvergadering sal ‘n Voorsitter en Ondervoorsitter aangewys word uit die betalende en ere-klublede en wel op ‘n wyse soos voorgeskryf in punt 4.4(b) en (c), wie dan soveel lede as benodig, sal kan aanwys om op die komitee te dien as bestuurslede met ‘n minimum van 5 en ‘n maksimum van 10 geko-opteerde lede.Slegs opbetaalde en erelede mag aangewys word.Nuwe Komitee-lede sal voorgestel word vir goedkeuring aan lede.
(b) Nominasies vir die posisie van Voorsitter en Ondervoorsitter moet skriftelik gedoen word voor of tydens die Algemene Jaarvergadering en die genomineerde moet teken dat hy die posisie waarvoor genomineer, aanvaar terwyl ook ‘n sekondant die nominasie-vorm moet onderteken. Slegs klub-lede wat albei die vorige jaar en die huidige jaar ten volle opbetaal is en erelede mag genomineer word.
(c) Indien meer as een nominasie vir ‘n spesifieke pos ontvang word, sal stemming per geslote stembrief gehou word.Slegs teenwoordige klub-lede wat albei die vorige jaar en die huidige jaar ten volle opbetaal is en erelede sal stemreg hê.
(d) Die uittredende Voorsitter en komitee sal die verkiesing hanteer. Hy sal daarna die bestaande komitee ontbind en die nuwe Voorsitter en Ondervoorsitter sal daarna aangaan met die kies van die nuwe komitee.
(e)Indien ‘n Voorsitter gedurende sy termyn bedank , sal die Ondervoorsitter oorneem as Voorsitter. Indien die Ondervoorsitter-pos vakant raak vir watter rede ookal, sal ‘n Spesiale AGM gehou word sodat ‘n nuwe Ondervoorsitter gekies kan word soos in 4.4(b) & (c) en stemgeregtigdes soos in 7.2(c).

5.0 FUNKSIES VAN DIE KOMITEE.

(a) Gereelde vergaderings voor byeenkomste of wanneer nodig ten einde besluite oor administratiewe aangeleenthede te neem.
(b) Datum-beplanning van byeenkomste en sosiale funksies asook ‘n prysuitdelingsfunksie voor einde November van elke jaar te finaliseer .
(c) Toesig en beheer van die KLUB se finansiële sake.Alle finansiële transaksies moet deur finansiële komitee goedgekeur word.
(d) Goedkeuring van aansoeke van nuwe lede.
(e) Afhandeling, beheer en kontrolering van korrespondensie asook rekordhouding van notules en finasiële sake.

(f) As ‘n tug-liggaam optree ten opsigte van klub-lede,hul familie,vriende of Pitmac wat die KLUB benadeel of skade berokken hetsy deur swak gedrag,afbrekende kommentaar op sosiale media of om watter rede ookal.
(g) Enige komiteelid wat drie agtereenvolgende vergaderings misloop sonder verskonings, sal onthef word van sy amp as komiteelid en kan ‘n ander lid in sy plek aangewys word.
(h) Die komitee kan sub-komitees aanstel om spesiale take te verrig.
(i) Die komitee sal outomaties ontbind en ‘n Spesiale Algemene Jaarvergadering sal gehou word om ‘n nuwe komitee saam te stel indien ‘n geskrewe mosie van wantroue wat deur 67% van die betalende lede onderteken is , ingedien word.
(j) Volhouding van opgedateerde lede-lys en KLUB se bate-register.
(k) Register van hernubare KLUB kontrakte vir kuipe-parkering, advertensie en privaat-losie spasie.

6.0 PERIODE

(a) Die KLUB se jaar sal strek vanaf 1 Januarie van elke jaar tot die laaste dag van Desember van dieselfde jaar . (hierna genoem die Periode)
(b) Vorige jaar beteken as volg: Indien AGM in Jan/Feb 2016 , is vorige jaar 2015 en so voort. Huidige of Lopende jaar is gedurende periode soos in (a).

7.0 VERGADERINGS

7.1 ALGEMENE JAARVERGADERING (ook genoem AGM)

(a) Sal gehou word nie later as die laaste dag van FEBRUARIE elke jaar .
(b) Slegs teenwoordige klub-lede wat albei die vorige jaar en die huidige jaar ten volle opbetaal is en erelede, sal stemreg tydens die vergadering hê en sulke lede sal 7 (sewe) dae voor die vergadering in kennis gestel word van die vergadering asook die betrokke agenda.
(c) Volledige finansiële verslae sal tydens die vergadering voorgelê word.
(d) Die uitgaande komitee sal alle dokumentasie, korrespondensie,finansiële state, notules, ens. aan die nuwe verkose komitee oorhandig en sal die nuwe komitee bystaan vir ‘n periode van minstens een maand ten einde die oorname deur die nuwe komitee te vergemaklik.
(e) Die nuwe periode se lidmaatskapfooie, hernubare kontrakte vir kuipe-parkering, advertensie en privaat-losie tariewe sal deur die nuwe komitee vasgestel word.
(f) ‘n Kworum van 40% van die stemgeregtigdes is nodig om hierdie vergadering bindend te maak.

7.2 SPESIALE ALGEMENE JAARVERGADERING (ook genoem Spesiale AGM)

(a) Die vergadering kan alleenlik deur die komitee belê word in welke geval alle opbetaalde en ere-lede skriftelik in kennis gestel moet word hiervan 14 dae voor die vergadering plaasvind.
(b) Indien ‘n mosie van wantroue teen die KLUB ingestel word soos omskryf in 5(i) , moet die komitee binne 14 dae na indiening van die mosie ‘n Spesiale Algemene Jaarvergadering belê. In so ‘n gebeurtlikheid moet 7 dae skriftelike kennis aan alle opbetaalde en ere-lede gegee word.

(c.) Stemgeregtigdes is teenwoordige opbetaalde lede van betrokke lopende jaar wat voor end Februarie aangesluit het (indien gedurende jaar) en erelede of indien aan begin van nuwe periode ,teenwoordige klub-lede wat albei die vorige jaar en huidige jaar ten volle opbetaal is en erelede.

(d) ‘n Kworum van 40% van die stemgeregtigdes is nodig om hierdie vergadering bindend te maak.

7.3 LEDE VERGADERING (ook genoem Drywersvergadering)

(a) Lede vergaderings sal voor byeenkomste of soos benodig gehou word onder voorsitterskap van die KLUB se voorsitter of in sy afwesigheid die ondervoorsitter.

(b) Lede vergaderings is verpligtend vir alle lede.

(c) Drywers wat 3 vergaderings misloop sonder geldige verskonings se lidmaatskap sal opgeskort word en sal in heroorweging geneem word met kostes vir heraansoek.

7.4 KOMITEE VERGADERING

(a) Komitee vergaderings sal voor byeenkomste of soos benodig gehou word onder voorsitterskap van die KLUB se voorsitter of in sy afwesigheid die ondervoorsitter.

(b) Komiteelede wat die vergaderings vir 3 (drie) agtereenvolgende kere sonder verskoning misloop , sal onthef word van sy amp as komiteelid en kan ‘n ander lid in sy plek aangewys word.

8.0 AFFILIASIE

(a) Die KLUB kan affilieer by Nasionale Beheerliggaam of instansie soos besluit op ‘n Algemene Jaarvergadering.(Stemgeregtigdes met 67% meerderheid.)

(b) Alle betrokke fooie sal betaal word, hetsy deur KLUB of ledebydraes (waar van toepassing)

(c) Reëls , regulasies en bepalings ten opsigte van wedrenbyeenkomste en deelname aan wedrenne sal volgens die betrokke liggaam se bepalings nagekom word.

9.0 **FINANSIES**

(a) Die KLUB se finansiële jaar sal strek vanaf die eerste dag van Januarie tot die laaste dag van Desember dieselfde jaar.

(b) Die KLUB sal bankrekenings by erkende finansiële instansies open.

(c) Tekenmagte op bankrekenings sal van tyd tot tyd deur middel van resolusie aangewys word.

(d) Volledige rekords sal gehou word van die KLUB se finansies en finansiële state sal tydens die Algemene Jaarvergadering voorgelê word.

(e) Maandelikse finansiële transaksies en state sal tydens Komitee vergaderings bespreek word.

(f) Enige opbetaalde of ere-klublid mag ten enige tyd insae verkry in die KLUB se finansiêle state.

10.0 WEDREN REËLS

(a) Reëls en bepalings ten opsigte van wedrenne sal wees soos voorgeskryf deur Nasionale Beheerliggaam of instansie soos besluit op Algemene Jaarvergadering (8a).
(b) Geen persoon mag aan wedrenne deelneem indien hy/sy nie ‘n opbetaalde lid van die KLUB is nie.
(c) Enige persoon wat hom/haar skuldig maak aan oortredings van die klub-reëls of wedrenbepalings kan tydelik of permanent deur die komitee geskors word.

11.0 REGSADVIES

Die Bestuur kan soos benodig ‘n prokureur aanstel om namens die KLUB op te tree in enige regsgeding.

12.0 WYSIGING VAN GRONDWET

(a) Enige wysigings tot hierdie grondwet kan alleenlik tydens die Algemene Jaarvergadering of tydens ‘n Spesiale Algemene Jaarvergadering aangebring word
(b)‘n Meerderheid van 80% van die stemgeregtigdes is nodig om die veranderings geldig te maak.Stemgeregtigdes is teenwoordige opbetaalde lede van betrokke lopende jaar wat voor end Feb. aangesluit het (indien gedurende jaar by Spesiale AGM) en erelede of indien by AGM, teenwoordige klub-lede wat albei die vorige jaar en huidige jaar ten volle opbetaal is en erelede.

13.0 ONTBINDING VAN DIE KLUB

(a) Die KLUB sal ontbind indien 80% van die stemgeregtigdes so besluit by ‘n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Jaarvergadering .Stemgeregtigdes is teenwoordige opbetaalde lede van die betrokke lopende jaar wat voor end Feb. aangesluit het (indien gedurende jaar by Spesiale AGM) en erelede of indien by Algemene Jaarvergadering, teenwoordige klub-lede wat albei die vorige jaar en huidige jaar ten volle opbetaal is en erelede.
(b) Indien daar fondse/bates in die KLUB se rekening is met ontbinding, sal die persone wat die ontbinding beheer die fondse/bates aan ‘n liefdadigheids-organisasie van hul keuse skenk.
(c) Indien daar enige geriewe soos byvoorbeeld klubhuis of baan of wat ookal aan die KLUB verhuur word tydens ontbinding sal die genoemde geriewe aan die Verhuurder terug oorhandig word.
(d) Indien daar enige uitstaande skulde teen die KLUB is met ontbinding, sal die lede wat vir die ontbinding verantwoordelik is , verantwoordelik wees vir die delging van die skulde.

6.

AANHANGSEL A (Beleid met betrekking tot LIDMAATSKAP)

1. Enige persoon mag aansoek doen om lidmaatskap tot die KLUB , maar ‘n goedgekeurde lid is verplig om by een van die kategorie van die KLUB se aktiwiteite betrokke te raak en te bly. (drywer,beampte,admin.)

2. Toelating as nuwe lid sal eers van krag word wanneer die aansoek deur die komitee goedgekeur is en die nodige fooie betaal is.

3. Ledegeld is jaarliks betaalbaar en hierdie bedrag sal elke jaar deur die komitee vasgestel word.

4. Lidmaatskap moet jaarliks hernu word en die ledegeld asook enige ander uitstaande gelde moet voor die einde Februarie van die betrokke jaar betaal word.

5. Lede moet aandui by watter aktiwiteit(e) van die KLUB hulle betrokke sal wees.

6. ‘n Klublid se metgesel en skoolgaande kinders betaal verminderde fooie vir lidmaatskap, maar het nie stemreg nie.

7. Metgeselle van lede kan stemreg verkry deur afsonderlik aansoek te doen vir lidmaatskap.

8. Beamptes verkry gratis lidmaatskap , maar het nie stemreg nie.Hy/Sy moet afsonderlik aansoek doen vir lidmaatskap om stemreg te verkry.

9. Slegs lede wie se lidmaatskapgeld betaal is , sal lidmaatskapkaartjies ontvang.

10. Hierdie lidmaatskapkaartjies moet tydens wedrenne by die hek vertoon word om gratis toegang te verkry. Sonder die lidmaatskapkaartjie is die volle hekgeld betaalbaar en dit kan nie van die KLUB terug ge-eis word nie.

11. Drywers-vergaderings is verpligtend vir alle drywers. Hierdie reeling geld nie vir drywers wat meer as100km van die KLUB af woon nie.

12. Werkersdae is vrywillig vir alle lede. Dit word verwag dat lede help om sekere take by die baan te verrig.

13. Tydens die Algemene Jaarvergadering en Prysuitdelingsfunksie word dit verwag dat alle lede dit bywoon.

14. Alleenlik opbetaalde lede met GEEN uitstaande gelde nie het stemreg op vergaderings.